**Dinsdag 8 April**
**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 2:1-7**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 2:3, 4**
**God wil dat ons vir allerlei mense moet bid**

Een van die belangrikste dinge wat ons moet doen, is om te bid, nie net vir onsself nie, maar vir alle mense. Maar wie is hierdie "alle mense"? Dit kan lyk asof die Here hier deur die apostel Paulus bedoel dat ons vir elke individu op hierdie aarde moet bid. Maar dis nie wat alle mense hier beteken nie. Ons weet mos uit die Bybel self dat daar baie mense is wat verlore sal gaan onder God se regverdige oordeel.

Vir die Bybelskrywers wat die Heilige Gees gebruik het, is die mensdom nie 'n klomp individue nie, maar 'n verskeidenheid van soorte en groepe mense, naamlik volke en nasies, grootmense en kinders, armes en rykes, regeerders en onderdane, gelowiges en ongelowiges. En wat hier met alle mense bedoel word, is dat ons vir al hierdie soorte en groepe van mense moet bid.

En, sê die Here, veral vir regeerders en almal wat gesag uitoefen. En selfs al sou hierdie konings en hooggeplaastes ons nie goedgesind wees nie, hef dit nie die opdrag op nie. Hierdie opdrag is juis gegee in 'n tyd toe die Christene vervolg is.

En waarvoor moet ons bid? Dat die regeerders eerbaar en verstandig sal regeer, maar veral dat die Heilige Gees hulle ook kinders van God sal maak. Ons moet bid dat hierdie mense ook ons enigste Middelaar, Jesus Christus, sal leer ken: Hy wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, ewig kan lewe.

*Sing: Skrifberyming 15-7:1, 2, 6*

*Ds. WJ (Kobus) Botha (Bloemfontein-Noord)*